Leefkuns

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Vrede

## Matteus 5:9; 23-24

*In die Bybel is vrede baie meer as net innerlikke kalmte. Vrede beskryf die verhouding wat volg wanneer jy jou skewe verhouding met God reggemaak het. Wanneer jou saak met God in orde is.*

*Vrede is dan ook die toestand van heelwees en geluk wat voortvloei uit die regte verhouding met God.*

*Vrede het te make met jou reg leef met ander mense. Vrede vra dat jou verhouding met ander ook reg sal wees.*

*Dit is wat hierdie teksgedeeltes van jou vra..*
*(bybel 24/7)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas hierdie by jou lewe in?*

*Wat kan julle as gesig uit hierdie storie neem?*

*Wat kan jy baat , sou jy meer balans in jou lewe handhaaf?*

***Vrede***

*'n gevoel van kalmte in die land en 'n gebrek aan kommer en probleme*

***Alternatiewe definisie:***

***wanneer daar geen oorloë of rusie is nie***

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Leefkuns

## Vrede

*Hoe sal jy die rol van "vredemaker" beskryf?*

*Hoe kan JY hierdie rol leer inneem?*

*Watse goed is daar wat die vrede tussen jou en God versteur?*

*Is daar "iets wat 'n broer teen jou het"?*

*Is daar "iets wat jy teen 'n broer/suster het"?*

*Hoe kan jy meer vrede in jou lewe beleef? Wat moet jy doen?*